

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 109**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***LYDENSWORSTELING***

Wees eerlik. Jy worstel daarmee. Die vraagstuk van die lyde! Jy beleef dit dag na dag. Jy sien dit elke oomblik. Jy hoor elke dag daarvan. Trane en smart en rou in die begraafplase. Gekluister in hospitaalbeddens... oues van dae, volwassenes, jongmense in die fleur van hulle lewe, kinders, babas.

Daar is gewondes op slagvelde, gebreklikes, verminktes, dowes, blindes, sterwendes. Sielesmart, roumart en liggaamspyne... jy kan dit nie begryp nie. Jy vra of al die lyde werklik nodig is? Wat is tog die sin daarvan?

Jy word opstandig. Jy bal die vuur na die hemel. Jy vra of daar nog 'n God vol van liefde en ontferming en deernis is? Waarom laat Hy al die pyn en smart toe?

Asof God die oorsaak van al die lyde is? Asof God hom verheug en verlustig in die leed van die mens?

Nee... dit is ons eie skuld dat daar lyding in God se skepping ingekom het. Dit is die smartlike gevolg van die sonde wat in sy krag verskeur en jaag na die dood. Onthou jy nog die sonde van Adam en Eva in die paradys? Daarom kan en mag ons God nie beskuldig vir ons lyde nie. Die mens wat die skuld van sy lyde op God wil plaas, is 'n ongelowige en verstaan niks van God se handeling met ons nie.

## **Deur die geloof**

Die gelowige daarenteen weet dat die lyde in ons lewe... ons pyn, ons smart, ons rou, ons verlore ideale... wel deur God toegelaat word, maar nie as 'n God wat Hom wreek en soos 'n tiran ons wil breek en verdruk en ons in die stof wil slaan nie.

Deur die geloof sien ek dit eerder as 'n daad van loutering en beproewing. Deur die geloof sien ek dit as 'n Vaderhand wat na my toe uitgesteek word om my te kap en te beitel om sy beeld te vertoon. Deur die geloof sien ek eerder 'n Vaderhand wat na my toe uitgesteek is om my te ondersteun en te onderskraag in my lyde en deur die geloof sien ek my lyde as genadige bemoeienis van my Vader met my, sy kind, wat Hy tugtig.

Deur die geloof hoor ek die stem van 'n liefdevolle Vader wat verlossingswoorde spreek deur Hom, Jesus Christus wat my smart gedra, my lyde gely en my dood gesterf het. Hy, my Verlosser, het in die troosteloosheid van my lewe ingekom om lig in my lewensdonker, rus vir my gemartelde siel en liggaam, krag in my swakheid, gelowige berusting in my lyde te bring.

## **Die Woord van God**

Ja, wanneer die Here my swaar beproef het, wanneer Hy my magteloos geslaan het, wanneer ek met leë hande en bloeiende hart staan, wanneer die duisternis van nie-meer-weet om my toevou en ek my voel wegsink in die modderige slyk, dan vind ek nog in Hom, die Gekruisigde, my sterkte en krag en lewensmoed.

My lewe... ook in my lyde... het nog sin. Dit het uitsig. Dit het 'n toekoms, want oor my ganse lewe, oor my bitterste lyde, selfs oor my dood, skyn daar altyd die heldere lig van die Woord van God:

Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

**J. H. Coetzee.**

# GOEIE VRYDAG - Donker en lig

Ek wil met jou praat oor die donkerste oomblikke wat hierdie wêreld nog ooit beleef het.

Dit was Goeie Vrydag, twaalfuur die middag, buite Jerusalem op 'n koppie staan kruise. Aan die middelste kruis hang 'n Man van 33 jaar oud... sy oë breek in die dood.

Drie en dertig jaar gelede het die engele gesing van vrede op aarde. 'n Skrywer, Johannes, het geskryf: so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste Seun gestuur het... Van sy geboorte af het die skemer *om* Hom begin toevou. Baie het in sy kort lewe gebeur!

Hy vergader volgelinge om Hom heen om sy verlossingsboodskap aan ander oor te dra — ook aan ons twee duisend jaar later. Siekes maak Hy gesond, Hy verbreek grafrendels rondom 'n vriend, Hy tel 'n vrou op uit die modder van ontug, Hy slaan sy arms om kindertjies en verklaar hulle tot besitters van sy koninkryk, Hy verjaag duiwels uit verwilderde lewens.

In sy drie en dertig jaar het Hy net goed gedoen aan ander. Twaalfuur daardie middag het die duisternis Hom ingesluk. Sy Vader het die rug op Hom gekeer. Sy dierbares en volgelinge staan en kyk sonder om iets te doen.

In daardie duisternis speel daar 'n geheimenis af tussen Hom en sy Vader. Hy gaan die donkerheid in om ons weer in te trek in die ligkring van sy liefde. In daardie donkerheid sê Hy, wat self God is: “Hier is Ek. Ek sal sterf vir My kinders. Ek sal die duisternis in. Ek sal hier hang vir My volk, sodat dit om hulle weer lig kan word.”

Goeie Vrydag beteken donkerheid... Christus se donkerheid. Die donkerheid waarin Hy die satan finaal verneder en oorwin het. As hierdie donkerheid verby is, breek 'n nuwe dag aan. vir ons wat van die paradys af gebrandmerk is... vir ons wat wil wegbreek en eerder in die donker wil wegkruip.

Dit is die lig van Goeie Vrydag: duisternis vir Christus... Lig vir ons. Daarom moet ons opstaan. God se Vaderhart klop in die drie ure duisternis. Sy Vaderliefde nooi jou en sy Vaderarms omhels jou en trek jou in binne die ligkring van Golgota. Al het jy jou lewe weggegooi, al het jy alles verbrou, al wou jy jou eie kop volg... die donkerste ure in die geskiedenis is verby... ook vir jou finaal verby.

Maar as jy jou oë wil sluit vir daardie lig; as jy jou rug wil draai op die kruis... dan gaan die duisternis jou toevou. Dit kan te laat wees... vir ewig te laat... vir ewig donker... dit is nou of nooit.

Betyds of te laat... dit is nog Goeie Vrydag.

**C. J. H. Venter.**

# PAASFEES

## OPSTANDING

Paasfees bring die opstanding van Jesus Christus skerp na vore. Ek sien jy glimlag skepties as ons van 'n opstanding praat. Waarom doen jy dit? Sien jy nie in die ganse skepping die waarheid op aangrypende wyse verkondig word — dat die lewe uit die dood ontkiem nie?

Die koringkorrel moet eers in die grond sterwe, voordat die aar kan ontkiem. Die winter moet met sy groue doodsheid eers kom, voordat die lente met sy groen kan opstaan. Eers moet die donkerheid van die nag gebore word, voordat die lokkende dag daarna kan ontwaak.

Dieselfde weg moes onse Here Jesus Christus ondergaan. Hy moes in die diepte van die dood ingaan om op die derde dag op te staan. Jy vra wat is die betekenis van die opstanding van Jesus Christus. Eerstens ons...

## REGVERDIGMAKING

Om dit vir jou te verklaar, wil ons jou in 'n geregsaal by die regbank bring: God is *die* Regter wat die mens wil straf omdat hy teen God sondig. Die aangeklaagde is die sondaarmens wat onregverdig voor God geword het. Die aanklaer is die duiwel en die mens se eie gewete wat getuig dat die mens skuldig is. Die wetboek is die wet van die Here waarvan geskrywe staan: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."

Die Advokaat? Dit is onse Here Jesus Christus wat aan die kruishout gesterf, maar op die derde dag opgestaan het. Hy tree nou na vore — nie om goed te praat wat krom is nie, maar om goed te maak. Die Advokaat sê nie dat Satan lieg nie, maar Hy wys die Regter daarop dat Hy vir die aangeklaagdes gesterf het en Hy pleit dat die Vader die beskuldigdes moet vryspreek op grond van sy verdienste.

Wat doen die Regter? Sonder enige verdienste aan ons kant, uit louter genade, word die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus aan die sondaar geskenk en toegereken, asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

Is die geregtigheid wat Christus vir ons verwerf het jou persoonlike eiendom? Luister wat sê God se Woord (Joh. 6:37): "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

Maar die opstanding van Christus spreek ook nog van ons...

## HEILIGMAKING

As Jesus die geregtigheid aan ons skenk, gebeur iets geweldigs in ons lewe. Net soos Christus uit die graf opgestaan het, staan ons op uit die graf van die sonde. Ons word deur die krag van Christus opgewek tot 'n nuwe lewe.

Hierdie nuwe lewe is heeltemal anders as die ou, sondige lewe. Dit is 'n hemelse oorsprong. As ons waarlik uit die opstanding lewe, word ons nuwe mense. Ons leef uit 'n ander beginsel, ons dink anders en doen anders as voorheen. Ons kan die nuwe lewe ook beskryf as die lewe van Christus in ons. Waar die regverdigmaking 'n werk van Christus vir ons is, is die heiligmaking sy werk in ons. Sy Heilige Gees brand die sondes meer en meer weg uit ons lewe en laat die beeld van Jesus Christus meer *en* meer in ons toeneem.

Natuurlik beteken dit nie dat die gelowiges volmaak heilig is nie. Ek weet dat jy vandag met die vinger na baie Christene kan wys wat 'n onheilige lewe lei. Ja, terwyl ons nog op die aarde lewe, is daar 'n gedurige stryd tussen die heilige lewe in ons en die onheilige lewe van

die sonde, maar die gelowige weet: deur die geloof in Jesus Christus sal hy oorwin en daarom stry hy... totdat aanstons die dood hom wegneem en dan eers is hy volmaak heilig. Ook vir jou het Christus gesterf om jou te bring tot 'n heilige lewenswandel tot eer van God!

Daar is nog 'n heerlike weldaad: die opstanding van Christus wys ook op ons...

### **HEERLIKMAKING**

Daar is seker niks wat die mens vuriger begeer as die ewige lewe nie.

Ons sien dit reeds by die heidendom. Hulle letterkunde is vol daarvan; hulle godsdienstige seremonies en tempels wys daarheen. Selfs die moderne ongeloof wat die opstandingsgeloof prysgee het, glo nog in 'n soort spiritistiese voortbestaan van die mens na sy dood.

Die ewige lewe het werklikheid geword deur die opstanding van Jesus Christus. Omdat Hy opgestaan het, sal ons ook eendag opstaan en saam met Hom lewe tot in ewigheid. Ook jy sal eendag opstaan, maar as jy volhard om Jesus Christus te verwerp, sal dit 'n opstanding wees om in die verderf die helse smarte te ondergaan.

**C. J. Malan.**

# "TER WILLE VAN"

## ... U IS DAARBY BETROKKE

U het uself seker ook al afgevra waarom Jesus van Nasaret gekruisig is.

Watter antwoorde het u gekry? Dat dit maar die wreedheid van die mense was? Dat dit maar die haat van die Fariseërs was of weens die teleurstelling van die skare dat Hy nie die Romeinse juk wou afgooi nie?

Natuurlik ontken u nie dat sy kruisdood 'n werklik bepaalde rede gehad het nie. Hy is tog gekruisig ter wille van sondaarmense en hul misdade, Hoeveel sondaarmense ken u en watter een is die grootste? Dawid het ook baie geken. Hy kon presies aan Natan sê wie die grootste is en wat met hom moes gebeur... totdat hy moes erken: dit is ek!

U en ek, ons moet ons misdade bely ('n mens moet maar eerlik wees)... ter wille daarvan is Hy gekruisig. Vir hierdie kruisdood het Judas Iskariot sy redes gehad en die owerpriesters en Kajafas weer hulle Sanhedrin-redes. So ook het die opgesweepte skare hulle redes gehad. Uiteindelik het Pilatus ook sy redes gehad; al wou hy dit in 'n skottel met water afspoel.

Almal het 'n motief vir sy dood gehad... maar wag nou 'n bietjie! Wat van die regverdige God? JA, ook die regverdige God het sy redes gehad. Wanneer almal Jesus van hand tot hand aangee en oorlewer en hulle selfs met Hom vermaak, dan moet ons onthou: God staan daaragter! Sy redes het alles met ons mense te doen. Hy gee sy Seun oor ter wille van ons misdade. In die oë van God staan Jesus in ons plek. Hy gaan die hel en die dood in ons plek tegemoet.

Gelukkig is die mens wat insien dat Jesus in sy plek gaan. Gelukkig die mens wat homself by die dood van Jesus betrokke sien.

Nou die tweede groot vraag: waarom het hy opgestaan uit die dood? Om Pilatus, Kajafas en Judas te beskaam? Nee, ook ten opsigte van die opstanding het dit alles met u te doen. Moenie hierdie dinge van u wil wegstoot soos 'n mens 'n skuitjie van die wal wegstoot, maar self agterbly nie. U is by die opstanding net soveel betrokke as by die dood van Jesus.

Hy staan op uit die dood ter wille van ons regverdigmaking. So trek Jesus ons met Hom deur die dood. Elkeen wat in Hom glo, het met Hom opgestaan. Nee, hy staan nie op soos Lasarus nie. Christus bring hom tot 'n ander lewe: die nuwe lewe... geloofslewe... verbondsede... wedergeboorte.

Wat van hom wat nie glo nie? Hy word oorgelewer aan die magte van dood en hel... so sê die Skrifte! Vir dié wat glo in Hom wat Jesus onse Here uit die dood opgewek het, het God 'n Borg en Middelaar gegee "wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking." (Romeine 4: 25).

**P. J. de Wet.**

# *Hemelvaart: afstand, maar geen afskeid nie*

Beteken die hemelvaart van Jesus Christus werklik iets vir ons? Dat Jesus opgevaar het na die hemel, voel vir ons gewoonlik so onwerklik, so ver weg.

Tog, as Jesus Christus werklik vir ons iets beteken, **sal** sy hemelvaart ook vir ons iets beteken... baie beteken. Wie goed na Jesus se hemelvaart kyk, sal sien dat dit **wel afstand** beteken, maar geen afskeid is nie. Een maal sal Hy weer kom... om Homself weer met al sy dissipels te verenig. Hy sê dit self in sy Woord.

Daarom het Jesus reeds vóór sy hemelvaart moeite gedoen om sy dissipels reg voor te berei op sy hemelvaart. Hy het ook vir Maria gesê dat Hy op 'n afstand gaan van hulle af: "**Ek vaar op na My Vader en julle Vader**". **Hy vaar op na die hemel en hulle bly agter op die aarde.**

**Ja, daar het 'n afstand gekom tussen Hom en ons** — Hy is bo by die Vader en ons moet nog worstel op die sondige aarde om die pad af te lê na die hemel. **Dié afstand stel aan ons geloof swaar eise!** Al sien ons nie die Here Jesus nie, moet ons nogtans **glo** dat Hy in die Hemel vir ons ten goede is.

In sy weggaan van sy dissipels af, open Jesus die weg waarlangs Hy hulle en ons op sy tyd weer tot Hom kan neem. Die weggaan van Jesus is dus in werklikheid geen skeiding vir sy volgelinge nie. **Jesus neem in sy hemelvaart geen afskeid van sy volk nie.** Hy bly ook vanuit die hemel in 'n lewende verband met sy ware dissipels staan. **Hy behou die verbintenisse.** Jesus sê ook vir Maria daar by sy geopende graf: "... maar gaan na my broeders". Voor sy dood het Hy sy dissipels reeds sy "vriende" genoem, maar na sy opstanding word hulle sy "broeders". **'n Broederband bind hulle saam vir ewig.**

Ja, dit is die twee dinge in Jesus se boodskap aan sy dissipels: betuiging van sy blywende gemeenskap met hulle, deur hulle sy broeders te noem en die tyding dat Hy besig is om op 'n afstand van hulle te gaan staan, as Hy sy hemelvaart aankondig.

**So mag hulle en ons weet dat Jesus se hemelvaart wel afstand beteken, sonder om afskeid te beteken.** Juis as Hy wil opvaar na die hemel, noem Hy sy dissipels sy "broeders". **Sterker as vroeër is nou die besef van saamhorigheid... die broederband.** Ja, as gelowiges is hulle en ons sy broeders.

As ons dit verstaan, kan ons deur die geloof ook Jesus se hemelvaart aanvaar. Die hemelvaart van ons Here en Broeder is dan nie meer 'n rede vir 'n treurlied nie, maar 'n bewys van die hegte, intiemste broederband wat selfs oor sulke afstande nie verbreek kan word nie.

**Elke broederband wys heen na 'n gemeenskaplike Vader.** Ons as broeders is in die hemelse Vader ook deur Christus saamverbond. Al is daar so 'n groot verskil tussen Christus, die ware Seun en ons, **het ons één Vader.**

**In die Koninkryk van God kan dus nie afskeid geneem word nie.** Niks kan die broeders meer skei van hul één God en Vader nie. **Die Vader is in die hemel, by sy Seun wat opgevaar het en by ons is as broeders op die aarde.**

**Die afstand sal dus net tydelik wees**

Jesus se hemelvaart is maar net die oorgang na 'n permanente hereniging eendag: wanneer alle broeders en susters weer sal saamwoon in die huis van hul Vader en die afstand tussen hemel en aarde sal wegval.

### **Jesus Christus verlang**

na daardie dag om met sy volk herenig te word. Daarom het Hy ook die **ander woord** laat hoor in sy "Openbaring" aan Johannes: "**Kyk, Ek kom gou!**" Dit beteken: Hy is reeds al weer besig om te kom.

### **Verlang ons ook na daardie dag?**

Meer nog: is jy en ek gereed vir daardie dag... om Jesus te ontmoet as ons Broeder, maar ook as Regter?

### **Ondersoek jouself**

Is jy 'n broeder van die Here wat saam met Hom **Vader** kan sê tot die God van hemel en aarde? Net sy broeders alleen het die troos dat sy hemelvaart geen afskeid was nie, maar net die **eerste stap op die weg van sy wederkoms... van die hereniging.**

Hy het voorgegaan, maar ons nie losgelaat nie, sodat Hy sy broeders tot Hom kan neem. Die afstand was nodig om ons ontwil. Nou weet ons... Hy kom weer... Hy is ons Broeder.

**P. J. S. de Klerk.**



# *"Nie as wese nie!"*

Weeskinders — daar is só baie van hulle... dikwels verlate... dikwels verstote.

Het u al gepeins oor die lewensomstandighede van sulke kinders, of moes u dit miskien self ervaar? Dan sal u verstaan en die tragiek begryp. Om weeskind te wees, beteken om groot te word met 'n ontsettende lewensleemte. Selfs al word die weeskind deur sy medemens oorweldig met versorging en aanmoediging, moet hy sonder die onmisbare voorreg van OUERLIEFDE klaarkom. As ander kinders oor hulle ouers praat, moet hy in dié gesprek swyg! As ander kinders die ouerhuis binnegaan, moet hy daardie tuiskoms ontbeer!

## **GEESTELIKE WEESKINDERS**

Sulke mense is daar ook! CALVYN het die omstandighede van hierdie weeskinders raak opgesom. Hulle is weeskinders wat blootgestel is aan elke vorm van bedrog en onreg... onmagtig om hulleself te lei... onbekwaam om uit hulself enigiets te verrig.

As dit erg is om op hierdie aarde 'n kind sonder ouers te wees, is dit tog veel erger om in geestelike sin 'n weeskind te wees. Die geestelike weeskind swerf tevergeefs rond op soek na troos en vreugde en dikwels lewer sy soektog slegs 'n dieper eensaamheid en 'n groter verlatenheid op. Hierdie weeskind is dus inderdaad 'n patetiese figuur — armoedig en onveilig... verstote en bejammerenswaardig!

Sonder VADER of VADERHUIS!

## **DIE ANDER TROOSTER**

Die gelowige kan nooit só 'n weeskind wees nie. Hy weet dat sy VADER in die hemel is en dat sy VERLOSSER aan die regterhand van God sit. Hy besef dat daar tussen die aarde en die hemel 'n kloof is wat hy nie met sy verstand of sy krag kan oorbrug nie. Tog is hy nie wees nie, want Christus het 'n belofte gegee! "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." (Joh. 14:18).

Hierdie belofde terugkoms moet ons verbind aan die koms van die ander TROOSTER, want Christus het Hom ook belowe! "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid." (Joh. 14:16).

Hierdie beloftes is vervul! Op die dag van die Pinksterfees is die Gees van God uitgestort! (Hand. 2). Voel u eensaam en verlate op hierdie wêreld — bevrees en verwese te midde van die puinhope van u lewe? Bid dan!

Vra vir God die vertroostende gemeenskap van sy Gees, want dié Gees getuig self saam met ons gees dat ons kinders van God is en as ons kinders is, dan ook erfgename van God en mede-erfgename van Christus, saam met Wie ons verheerlik sal word. (Romeine 8:16-17).

Pinkster het dus 'n blye boodskap: nie weeskinders nie, maar kinders van God vir ewig!

**N.V.**

# *Weet die kind van God wat lewensvreugde is?*

U het seker baie Christenvriende. U is in staat om met gesag oor hulle te praat. Dalk was u self vroeër een. As kind het u moontlik gereeld kerk toe gegaan. U het egter daarmee gebreek, omdat u 'n eerlike mens is. U kon uself nie langer bedrieg nie.

Die Christendom het u moeg gemaak. Dit het u lewe vereng. Daar was vir u so min lewensvreugde in u Christen-wees. U het u verveel, omdat baie dinge vir u verbode was volgens die maatstaf van die Christendom. Die lewensuitkyk van die kinders van God is vir u so swarmoedig. Die kerk bederf so dikwels die genot en vreugde van die jongmens.

Die kerkmense is so negatief ingestel. Luister maar na die Wet wat elke Sondag van die preekstoel afgekondig word. Soos 'n refrein kom die bevel: "Jy mag nie..."; "Jy mag nie..." Dié verbod het u deur die jare baie lewensgenot laat ontbeer... tot u die besluit geneem het dat u u nie langer gaan laat beperk nie. U het besluit: u gaan u uitleef! Voortaan gaan dit wees: "Ek mag...!" Wat 'n las is afgewerp! U geniet nou ongebonde, volgens die lus van u hart!

Nou het u vreugde. Nou het u geluk. Hoe anders is u lewe nou, in vergelyking met u saai bestaan van vroeër. Inderdaad, die Christendom is nie vir u nie. Dis goed vir die ou mens; vir die mens wat sy "lewe" gehad het; vir die mens wat nie meer lus of krag of energie het om die lewe te geniet nie. U redenasie lyk so logies. Miskien moet u ook gelyk gegee word. Die wet van God kan 'n mens se lewe vereng.

## **Dit hang af van ons benadering**

Dit hang af hoe 'n mens dit benader. Die Christendom **kan** swarmoedig wees... maar **behoort** dit nie te wees nie; mag dit eintlik nie wees nie. As dit so is, lê die fout by die mens en nie by God nie.

God wil gelukkige kinders hê: mense wat kan lag, sing en bly wees; mense wat hulle lewe hier op aarde geniet. Die Bybel is vol daarvan. Sonder om u met 'n reeks Bybeltekste te vermoei, wil ek u 'n paar uitsprake van die Here gee. In Prediker 11:9 sê God aan die jongmens: "Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid..." Kan u dit meer positief stel?

As bevel kom dit in Prediker 11:10: "Weer verdriet uit jou hart..." Dit geld nie net vir sekere tye wanneer 'n mens ontspan nie. In 1 Tessaloniërs 5:16 kom die opdrag: "Wees altyd bly." Hoe vergelyk dit met u lewensvreugde?

Die Here sê op verskeie plekke in die Bybel hoe 'n mens hierdie lewensvreugde kan beleef. Ek wil hier net twee noem. Eerstens: die **gebed** — **die manier** waarop ons met God kontak maak. So sê Christus self in Johannes 16:24: "Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees." Tweedens: daar is die blydschap wat verkry kan word as die Heilige Gees dit in jou hart werk. Ons lees in Galasiërs 5:22 dat 'n vrug van die werking van die Gees blydschap is.

As u mooi oplet, sal u ook mense vind wat hierdie blydschap wat God aan 'n mens gee, uitstraal. Hulle het lewensvreugde in alle fasette van die lewe.

Is u werklik gelukkig? Hoe voel u die môre na 'n nag van uitspattige genot? Is u gelukkig in u werk? Is u gelukkig in u huwelik? As u die tyd het, sal ek graag met u oor die lewensvreugde van 'n kind van God wil praat.

**M. Venter.**